

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=====

THURSDAY, 29 AUGUST 2024

1. The House met at 14:15.
2. The Temporary Chairperson (Ms W F Kaizer-Philander) took the Chair and read the prayer.
3. [14:16] The Temporary Chairperson (Ms W F Kaizer-Philander) made a general announcement regarding the logistical arrangements for the sitting taking place.
4. [14:21] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Speakers Debate.  
Agreed to.
5. [14:25] Speakers Debate.  
Celebrating 30 years of democracy for women's development in South Africa: Reflecting on the achievements and challenges to advance women's rights and empowerment.  
Debate concluded.
6. [15:26] Questions to the Premier without notice.
7. [15:49] Statements by Members.
8. [16:12] Response to statements by Members by Mr A R Winde, Premier, Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure and Mr D J Maynier, Minister of Education.
9. [16:16] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved: That precedence be given in terms of Standing Rule 20(2) to Notice of Motion no 1 as printed in her name on the Order Paper.  
Agreed to.
10. The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved: That the Constitution of the Western Cape Amendment Bill (Determination of Number of Members) [B 7-2023] be considered from the stage that it reached during the Sixth Parliament.  
Agreed to.

11. [16:17] Motions with Notice (*in accordance with Standing Rule 151*).

The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

12. [16:18] Motions without Notice (*in accordance with Standing Rule 150*).

13. Mr D W Jacobs moved without notice: That the House conveys its heartfelt sympathy to the families who lost everything in the Riverlands dam disaster the past two weeks in the Malmesbury district; and mourns the loss of possessions and property.

Agreed to.

14. Mr N Masipa moved without notice: That the House notes that sustainability in agriculture depends on our relationships with global partners; further acknowledges the recent exposure during the Olympic Games held in Paris, where the media highlighted the pink ostrich plumes originating from Cape Karoo International, a farm in the Western Cape's Karoo region; notes that these pink and black ostrich feathers were prominently featured by renowned musician Lady Gaga during the opening ceremony of the Olympic Games; recognises that this significant exposure bodes well for the South African farming industry by enhancing the value of ostrich products, and potentially increasing the demand for ostrich meat and leather; further notes that, according to Mr De Wet, both Lady Gaga and Naomi Campbell often wears garments made from ostrich feathers, which is expected to boost demand for these feathers further and, in turn, to increase South Africa's foreign exchange earnings, contributing to sustainable job creation in the long run; and recommends that a congratulatory letter be sent to Mr De Wet of Cape Karoo International, acknowledging the valuable work being done to promote South African ostrich farming on the global stage.

Agreed to.

15. Ms B Stoffel moved without notice: That the House notes the horrific murder of a pregnant woman, Melanie Nelson (29), from Heideveld, whose bludgeoned body was discovered near a footbridge in the area; conveys sincerest condolences to her family and loved ones; and welcomes the arrest of the suspect connected to her murder.

Agreed to.

16. Ms R Windvogel moved without notice: That the House notes with profound sadness the discovery of the body of Charlene Josephs (57), from Lavender Hill, who was kidnapped at gunpoint by masked gunmen at her home on 10 July; calls on the police to expedite investigations into her murder and to bring the perpetrators to book; and conveys condolences to her family and loved ones.

Agreed to.

17. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes with profound sadness the passing of Abongile Nyumbeka (35) after a prolonged illness; notes that Abongile, a dedicated member in good standing of the ANC and a valued member of the Sol Plaatjie Branch Executive Committee, was renowned for his unwavering commitment to local economic development and youth empowerment; further notes that his pioneering efforts in community development have left a lasting impact; and conveys its most heartfelt condolences to his family and loved ones during this time of profound loss.

Agreed to.

18. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House extends its heartfelt condolences to the family of Monwabisi Max Ngubabeni, the latest victim of extortion in Nyanga East at Mam's Tavern; notes that he was known affectionately as Max; notes that he was a valued member of the Western Cape Liquor Association; notes that his loss is deeply felt; and stands in solidarity with his family during this incredibly difficult time.

Agreed to.

19. Ms T Lithakong moved without notice: That the House notes the horrific incident that took place at Shoprite in Gugulethu where a man was kept in a storage fridge following allegations of theft by Shoprite security guards and staff; notes that Mr Sandile Khintshi (52) was kept in Shoprite fridge for seven hours after being accused of stealing drilling machines; further notes that the actions of Shoprite security guards and staff are not only inhumane, but they also tarnished the dignity of a man in a despicable manner; moreover notes that the South African Police Service is still investigating the matter; calls on the South African Human Rights Commission to investigate this matter and to hold those involved to account; and states that South Africa is a constitutional democratic country founded on the principles of the rule of law wherein self-help and lawlessness can never be tolerated.

Agreed to.

20. Ms A Cassiem moved without notice: That the House notes the recent achievement of the University of the Western Cape's women soccer team by winning the regional Cosafa Cup and qualifying to represent South Africa at the African Champions league; notes that the good part about these achievements is that they are taking place during Women's Month; notes that their achievement marks the first time a university's women's team had advanced to this round of the competition; further notes that these are women who had to balance their academics and their participation in sports, which also involved a lot of travelling; notes that these ladies are testimony that women can indeed multitask and excel in all fronts; and wishes them the best of luck going forward and hopes that they will continue flying the South African flag high.

Agreed to.

21. Mr B Ngqentsu moved without notice: That the House notes that the month of July, overlapping with August 2024, marks the 103rd anniversary of the founding of the South African Communist Party (SACP) as the Communist Party of South Africa (CPSA); notes that the SACP was founded at a three-day congress held on 30 and 31 July and 1 August 1921 in Cape Town; further notes and welcomes that, on the 4 August 2024, the South African Communist Party in the Western Cape, together with its alliance partners, the ANC, Cosatu and Sanco, celebrated the 103rd anniversary of unbroken struggle to advance, deepen, consolidate and defend our shared national democratic revolution, our strategic route towards socialism, at the OR Tambo Hall, Khayelitsha; recognises that the ultimate aim of the SACP is to build a communist society in which all forms of exploitation of one person by another will end and in which all the products of human endeavour will be distributed according to need and that the attainment of such a society will require an interim socialist transition in which reward will be measured by contribution; acknowledges that the SACP commits itself to a social order that will respect completely the cultural, language and religious rights of all sections of our society and the democratic rights of individuals; and calls on the House to honour the legacy of former and current

leaders of the party who contributed during these 103 years to the struggle against capitalist exploitation, gender and national oppression of the majority people of our country, including Chris Hani, ZZ Arch Sibeko, Joe Slovo, Ray Alexander and Moses Kotane.

Agreed to.

22. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes with deep shock and sorrow the brutal killing of a 17-year-old learner at the Siphamandla Secondary School in Khayelitsha; further notes with concern reports that the victim, Olwethu Dyonta, was a significant witness in a high-profile criminal case involving a string of extortion-related murders and was gunned down just days before he was due to testify; acknowledges that the murder of Olwethu highlights the systemic vulnerabilities that need to be addressed urgently to protect witnesses who stand up against criminal entities; calls on the SAPS to speed up the investigation into the murder and leave no stone unturned to bring the perpetrators and mastermind to book; and conveys deepest condolences to the family, loved ones and classmates of the deceased.

Agreed to.

23. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House notes with deep appreciation and welcomes the intended signing of the memorandum of understanding between the three spheres of government and the private security industries that will take place in Cape Town on Friday 30 August; further notes that this pivotal agreement underscores the government's strong and resolute commitment to combating crime and to eradicating the pervasive issue of extortion; applauds this collaborative effort as a significant step towards enhancing public safety and improving safety of our people in communities; calls upon all parties involved to contribute actively to this crucial initiative as it is imperative that each stakeholder diligently addresses not only the immediate challenges posed by crime, but also tackles the underlying factors that contribute to criminal activity; and recognises that, by working together and addressing these root causes, we can forge a more effective and comprehensive approach to safeguarding our society.

Agreed to.

24. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes and welcomes the Western Cape Education Department's current engagement with the City of Cape Town and the Methodist Church for the fixing and opening of Govan Mbeki Road between Stock Road and Sheffield Road, as well as the service entrance road off Govan Mbeki, namely Diaz Road, to the Klipfontein Methodist Primary School; further notes that the closure of the current road contributes immensely to the unsafe conditions facing educators and learners and that this matter had been raised with authorities and ourselves at different levels; and calls for a speedy resolution of this matter.

Agreed to.

25. Ms W F Kaizer -Philander moved without notice: That the House notes that, on 26 August 2024, the Minister of Social Development, Mr Jaco Londt, joined the Mayor of the Overstrand Municipality, Annelie Rabie, and A21 at a human trafficking awareness event in Hermanus; notes that this follows the joint awareness campaign held in Cape Town last month; notes that the Overstrand event brought together various organisations from different sectors, such as early childhood development, NGOs, the business sector and neighbourhood watch groups; further notes that the Department of Social Development

(DSD) worked with the South African Police Service (SAPS) when a bus with undocumented adults and children arrived in Paarl last month; and notes that the DSD immediately stepped in to see to the needs of the children to ensure they got home safely.

Agreed to.

26. Mr D W Bryant moved without notice: That the House notes that the Western Cape Government would like to collaborate with other coastal provinces when severe storms hit; notes that the Department of Local Government has a memorandum of understanding (MOU) in place for cooperation with other coastal provinces; and further notes that the Western Cape Government and the Department of Local Government would like to take this MOU to the next level with tangible projects and training exercises between different rescue entities in the provinces.

Agreed to.

27. Mr L van Wyk moved without notice: That the House recognises the work and dedication of the 15 winners of Provincial Teaching Awards, who were recognised for their work at a ceremony on Saturday; notes that, honoured for such categories as Excellence in Special Needs Education and Excellence in Technology Enhanced Learning and Teaching, these educators have all found ways to do more to encourage their learners into the future; and thanks them for their dedication and wishes them well for the National Teaching Awards in October.

Agreed to.

28. Mr G Bosman moved without notice: That the House notes with profound sadness the passing away of Professor Brian O’Connell who the former Rector and Vice-Chancellor of the University of the Western Cape (UWC), who served from 2001 to 2014; notes that Professor O’Connell guided the UWC through challenging times, including financial vulnerability, staff retrenchments and a potential merger with the Peninsula Technikon; notes that, under his leadership, the UWC began a phase of significant rebuilding and transformation; and notes that Professor O’Connell also focused on UWC’s role as an “engaged university”, emphasising the need to address societal inequalities through teaching, research and community engagement.

Agreed to.

29. Mr G Bosman moved without notice: That the House notes with deep sadness the passing away of Ms Antoinette “Toni” Whithair, a dedicated and beloved figure in the Western Cape healthcare system; notes that Ms Whithair was a registered nurse and a family planning consultant at the Red Cross War Memorial Children’s Hospital; notes that she retired from her job, but then went to work for the hospital’s trust; notes that Ms Whithair remained actively involved at the hospital, serving as a crucial liaison between architects, artisans, hospital management and staff, ensuring that areas in need of restructuring or replacement were thoughtfully designed and executed; notes that Ms Whithair’s unwavering commitment to the hospital, even in her later years, exemplified her enduring dedication and the profound bond she shared with this institution; notes that, like the hospital itself, she was a symbol of strength, resilience and continuity; and honours her remarkable service and mourns her loss, recognising the lasting impact she has left on our healthcare system and on all those who had the privilege of working alongside her.

Agreed to.

43

30. Mr N Masipa moved without notice: That the House notes with sadness the passing away of the City of Cape Town's Alderman Bonita Jacobs; notes that Ms Jacobs was a dedicated public servant and community activist who always fought for the people she represented; notes that she will be sorely missed and her absence will be felt keenly in the City's council chambers; and wishes her friends and family well during this difficult time.

Agreed to.

31. The House adjourned at 16:45.

ROMEO ADAMS  
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

## VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE

# PROVINSIE WES-KAAP

=====

DONDERDAG, 29 AUGUSTUS 2024

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.
2. Die Tydelike Voorsitter (me W F Kaizer-Philander) neem die Stoel in en lees die gebed voor.
3. [14:16] Die Tydelike Voorsitter (me W F Kaizer-Philander) maak 'n algemene aankondiging oor die logistieke reëlins vir die sitting wat plaasvind.
4. [14:21] Die Hoofswep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die Speakersdebat voorrang het.  
Goedgekeur.
5. [14:25] Speakersdebat.  
Die viering van 30 jaar van demokrasie vir vroue-ontwikkeling in Suid-Afrika: Besinning oor prestasies en uitdagings om die regte en bemagtiging van vroue te bevorder.  
Debat afgesluit.
6. [15:26] Vrae aan die Premier sonder kennisgewing.
7. [15:49] Verklarings deur Lede.
8. [16:12] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr A R Winde, Premier, mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur en mnr D J Maynier, Minister van Onderwys.
9. [16:16] Die Hoofswep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel voor: Dat voorrang ingevolge staande Reël 20(2) gegee word aan Kennisgewing van Mosie no 1 soos in sy naam gedruk op die Orderlys.  
Goedgekeur.
10. Die Hoofswep van die Meerderheidsparty (Mnr G Bosman): Dat die Wysigings-wetsontwerp op die Grondwet van die Wes-Kaap (Bepaling van Getal Lede) [W 7–2023] oorweeg word vanaf die stadium wat dit tydens die Sesde Parlement bereik het.  
Goedgekeur.

11. [16:17] Voorstelle met kennisgewing (*ooreenkomstig Staande Reël 151*).

Die Speaker doen 'n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

12. [16:18] Voorstelle sonder kennisgewing (*ooreenkomstig Staande Reël 150*).

13. Mnr D W Jacobs stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis innige simpatie betuig met die families wat alles verloor het in die Riverlands-damramp wat die afgelope twee weke in die Malmesbury-distrik plaasgevind het; en die verlies van besittings en eiendom betreur.

Goedgekeur.

14. Mnr N Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat volhoubaarheid in die landbou afhang van ons betrekkinge met internasionale vennote; verder erkenning gee aan die onlangse blootstelling tydens die Olimpiese Spele wat in Parys gehou is, waar die media die pienk volstruisvere uitgelig het wat van Cape Karoo International, 'n plaas in die Wes-Kaap se Karoo-streek, afkomstig is; kennis neem dat hierdie pienk en swart volstruisvere prominent vertoon is deur die bekende musikant, Lady Gaga, tydens die openingseremonie van die Olimpiese Spele; erkenning gee dat hierdie betekenisvolle blootstelling goeie nuus inhou vir die Suid-Afrikaanse boerderybedryf deur die waarde van volstruisprodukte te verhoog, en moontlik die aanvraag na volstruisvleis en -leer verhoog; verder kennis neem dat, volgens mnr De Wet, beide Lady Gaga en Naomi Campbell dikwels kledingstukke dra wat van volstruisvere gemaak is, wat na verwagting die aanvraag na hierdie vere verder sal verhoog, en op sy beurt Suid-Afrika se verdienste aan buitelandse valuta sal verhoog, wat op lang termyn tot volhoubare werkskepping bydra; en aanbeveel aan dat 'n brief van gelukwensing aan mnr De Wet van Cape Karoo Internasionaal gestuur word, waarin erkenning gegee word aan die waardevolle werk wat gedoen word om Suid-Afrikaanse volstruisboerdery internasionaal te bevorder.

Goedgekeur.

15. Me B Stoffel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die gruwelike moord op 'n swanger vrou, Melanie Nelson (29), van Heideveld, wie se verminkte lyk naby 'n voetbrug in die omgewing ontdek is; innige meegevoel betuig met haar familie en geliefdes; en die inhegtenisneming verwelkom van die verdagte wat met haar moord verband word.

Goedgekeur.

16. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die ontdekking van die lyk van Charlene Josephs (57), van Lavender Hill, wat op 10 Julie met 'n vuurwapen by haar huis deur gemaskerde gewapende mans ontvoer is; 'n beroep op die polisie doen om die ondersoek na haar moord te bespoedig en die skuldiges aan die pen te laat ry; en meegevoel betuig met haar familie en geliefdes.

Goedgekeur.



17. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Abongile Nyumbeka (35) ná 'n lang siekbed; kennis neem dat Abongile, 'n toegewyde lid van goeie aansien van die ANC en 'n gewaardeerde lid van die Sol Plaatjie-uitvoerende takkomitee, bekend was vir sy onwrikbare verbintenis tot plaaslike ekonomiese ontwikkeling en jeugbemaagtiging; verder kennis neem dat sy baanbrekerpogings met gemeenskapsontwikkeling 'n blywende impak gelaat het; en innige meegevoel betuig met sy familie en geliefdes gedurende hierdie tyd van swaar verlies

Goedgekeur.

18. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis innige meegevoel betuig met die familie van Monwabisi Max Ngubabeni, die jongste slagoffer van afpersing in Nyanga-Oos by Mam's Tavern; kennis neem dat hy liefdevol as Max bekend gestaan het; kennis neem dat hy 'n gewaardeerde lid van die Wes-Kaapse Drankvereniging was; kennis neem dat sy verlies diep gevoel word; en eensgesindheid met sy familie uitspreek in hierdie ongelooflike moeilike tyd.

Goedgekeur.

19. Me T Lithakong stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die gruwelval wat by Shoprite in Gugulethu plaasgevind het waartydens 'n man in 'n bergingsyskas aangehou is ná bewerings van diefstal gemaak is deur Shoprite-sekureitetswagte en -personeel; kennis neem dat mnr Sandile Khintshi (52) vir sewe uur in Shoprite-yskas aangehou is nadat hy daarvan beskuldig is dat hy boormasjiene gesteel het; merk kennis neem dat die optrede van die sekureitetswagte en -personeel van Shoprite nie net onmenslik was nie, maar dat dit ook die waardigheid van 'n man op 'n gemene manier aangetas het; verder kennis neem dat die Suid-Afrikaanse Polisie diens steeds die saak ondersoek; 'n beroep op die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie doen om hierdie aangeleentheid te ondersoek en die betrokkenes verantwoordelik te hou vir hul optrede; en verklaar dat Suid-Afrika 'n grondwetlik demokratiese land is wat op die beginsels van die oppergesag van die reg gegrond is, waar eiegeregtigheid en wetteloosheid nooit geduld kan word nie.

Goedgekeur.

20. Me A Cassiem stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die onlangse prestasie wat die Universiteit van Wes-Kaapland se vrouesokkerspan behaal het deur die Cosafabeker van die streek te wen en te kwalifiseer om Suid-Afrika by die Afrika-kampioeneliga te verteenwoordig; kennis neem dat die goeie aspek van hierdie prestasies die feit is dat dit tydens Vrouemaand gebeur het; kennis neem dat hul prestasie die eerste keer is dat 'n universiteit se vrouespan na hierdie rondte van die kompetisie deurdring; verder kennis neem dat dit vroue is wat hul akademie en hul deelname aan sport moes balanseer, wat ook baie reis behels het; kennis neem dat hierdie dames 'n bewys is dat vroue inderdaad talle take kan uitvoer en op alle fronte kan uitblink; en hulle alle sterkte toewens en die hoop uitspreek dat hulle die Suid-Afrikaanse vlag hoog sal laat bly wapper.

Goedgekeur.

21. Mnr B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat Juliemaand, wat met Augustus 2024 ooreenstem, die 103e herdenking van die stigting van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) as die Kommunistiese Party van Suid-Afrika (CPSA) is;

kennis neem dat die SAKP gestig is tydens 'n driedagkongres wat op 30 en 31 Julie en 1 Augustus 1921 in Kaapstad gehou is; verder kennis neem van en dit verwelkom dat, op 4 Augustus 2024, die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party in die Wes-Kaap, saam met sy alliansievennote, die ANC, Cosatu en Sanco, die 103e herdenking gevier het van ononderbroke stryd om ons gedeelde nasionale demokratiese revolusie en ons strategiese roete na sosialisme by die OR Tambo-saal, Khayelitsha, te bevorder, te verdiep, te konsolideer en te verdedig; erkenning gee dat die uiteindelijke doel van die SAKP is om 'n kommunistiese samelewing te bou waarin alle vorme van uitbuiting van een persoon deur 'n ander tot 'n einde sal kom en waarin al die produkte van menslike pogings versprei sal word volgens behoefte en dat die bereiking van sodanige 'n samelewing 'n tussentydse sosialistiese oorgang sal vereis waarin beloning volgens jou bydrae gemeet sal word; erkenning gee dat die SAKP hom verbind tot 'n sosiale orde wat die kulturele, taal- en godsdienstrete van alle dele van ons samelewing, asook die demokratiese regte van individue, ten volle sal respekteer; en 'n beroep op die Huis doen om die nalatenskap te vereer van voormalige en huidige leiers van die party wat gedurende hierdie 103 jaar bygedra het tot die stryd teen kapitalistiese uitbuiting, geslag en nasionale onderdrukking van die meerderheid mense van ons land, insluitende Chris Hani, ZZ Arch Sibeko, Joe Slovo, Ray Alexander en Moses Kotane.

Goedgekeur.

22. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe skok en hartseer kennis neem van die wrede moord op 'n 17-jarige leerder by die Sekondêre Skool Siphamandla in Khayelitsha; verder met kommer kennis neem van berigte dat die slagoffer, Olwethu Dyonta, 'n belangrike getuie in 'n hoëprofiel- strafregtelike saak was waarmee 'n reeks afpersingsverwante moorde verbind word, en doodgeskiet is net dae voordat hy sou getuig; erkenning gee dat die moord op Olwethu die sistemiese kwesbaarhede beklemtoon waaraan dringend aandag geskenk moet word om getuies te beskerm wat teen misdadige entiteite opstaan; 'n beroep op die SAPD doen om die ondersoek na die moord te bespoedig en om alles moontlik te doen om die oortreders en die baasbrein aan die pen te laat ry; en innige meegevoel betuig met die familie, geliefdes en klasmaats van die oorledene.

Goedgekeur.

23. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe waardering kennis neem van die beoogde ondertekening van die memorandum van verstandhouding tussen die drie sferes van die regering en die privaatveiligheidsbedryf wat op Vrydag 30 Augustus in Kaapstad sal plaasvind en dit verwelkom; verder kennis neem dat hierdie deurslaggewende ooreenkoms die regering se sterk en besliste verbintenis tot die bekamping van misdaad en die uitroeïing van die deurlopende kwessie van afpersing, onderstreep; hierdie samewerkingspoging aanprys as 'n belangrike stap openbare veiligheid en die veiligheid van ons mense in gemeenskappe te verbeter; 'n beroep op alle betrokke partye doen om aktief by te dra tot hierdie deurslaggewende inisiatief, aangesien dit noodsaaklik is dat elke belanghebbende nougeset aandag moet gee aan nie net die onmiddellike uitdagings wat deur misdaad gestel word nie, maar ook die onderliggende faktore aanpak wat tot misdadige aktiwiteite bydra; en erkenning gee dat ons, deur saam te werk en aandag aan hierdie grondoorsake te skenk, 'n meer doeltreffende en omvattende benadering tot die beveiliging van ons samelewing kan vorm.

Goedgekeur.

24. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se huidige skakeling met die Stad Kaapstad en die Metodistekerk verwelkom vir die regmaak en opening van Govan Mbekiweg tussen Stockweg en Sheffieldweg, asook die diensingangpad uit Govan Mbekiweg, naamlik Diazweg, na die Metodiste- Primêre Skool Klipfontein; verder kennis neem dat die sluiting van die huidige pad baie bydra tot die onveilige toestande wat onderwysers en leerders in die gesig staar en dat hierdie saak op verskillende vlakke met owerhede en onself geopper is; en vra vir 'n spoedige oplossing van hierdie saak.

Goedgekeur.

25. Me W F Kaizer -Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, mnr Jaco Londt, op 26 Augustus 2024 by die Burgemeester van die Overstrand-munisipaliteit, Annelie Rabie, en A21 tydens 'n Mensehandel-bewusmakingsgeleentheid in Hermanus aangesluit het; kennis neem dat dit volg op die gesamentlike bewusmakingsveldtog wat verlede maand in Kaapstad gehou is; kennis neem dat die Overstrand-geleentheid verskeie organisasies uit verskillende sektore byeengebring het, soos vroeë kinderontwikkeling, NRO's, die sakesektor en buurtwaggroepe; verder kennis neem dat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) saam met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) gewerk het toe 'n bus met ongedokumenteerde volwassenes en kinders verlede maand in die Paarl aangekom het; en kennis neem dat die DMO dadelik ingegryp het om na die behoeftes van die kinders om te sien om toe te sien dat hulle veilig by die huis kom.

Goedgekeur.

26. Mnr D W Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Wes-Kaapse Regering graag met ander kusprovinsies wil saamwerk wanneer swaar storms voorkom; kennis neem dat die Departement van Plaaslike Regering 'n memorandum van verstandhouding (MOU) in plek gestel het vir samewerking met ander kusprovinsies; en verder kennis neem dat die Wes-Kaapse Regering en die Departement van Plaaslike Regering hierdie MOU na die volgende vlak wil neem deur middel van tasbare projekte en opleidingsoefeninge tussen verskillende reddingsentiteite in die provinsies.

Goedgekeur.

27. Mnr L van Wyk stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis erkenning gee aan die werk en toewyding van die 15 weners van Provinsiale Onderrigtoekennings, wat Saterdag tydens 'n seremonie vir hul werk erkenning ontvang het; kennis neem dat hierdie onderwysers, wat in kategorieë soos Uitnemendheid in Spesialebehoefteonderwys en Uitnemendheid in Tegnologies Verbeterde Leer en Onderrig vereer is, almal maniere gevind het om meer te doen om hul leerders vir die toekoms aan te moedig; en hulle bedank vir hul toewyding en hulle sterkte toewens vir die Nasionale Onderrigtoekennings wat in Oktober oorhandig word.

Goedgekeur.

28. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van professor Brian O'Connell, voormalige Rektor en Visekanselier van die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), wat die amp van 2001 tot 2014 beklee het; kennis neem dat professor O'Connell die UWK deur uitdagende tye gelei het, insluitende finansiële kwesbaarheid, personeelafleggings en die moontlike samesmelting met die

Skiereiland-technikon; kennis neem dat die UWK onder sy leiding 'n fase van betekenisvolle herbou en transformasie beleef het; en kennis neem dat professor O'Connell ook gefokus het op UWK se rol as 'n "betrokke universiteit", wat die behoefte beklemtoon om aandag te skenk aan sosiale ongelykhede deur middel van onderrig, navorsing en gemeenskapskaking.

Goedgekeur.

29. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van me Antoinette "Toni" Whithair, 'n toegewyde en geliefde figuur in die Wes-Kaapse gesondheidsorgstelsel; kennis neem dat me Whithair 'n geregistreerde verpleegkundige en 'n gesinsbeplanningskonsultant by die Rooikruis-oorloggedenkkinders hospitaal was; kennis neem dat sy afgetree het, maar toe vir die hospitaal se trust begin werk het; kennis neem dat me Whithair aktief by die hospitaal betrokke gebly het, en opgetree het as 'n deurslaggewende skakel tussen argitekte, ambagsmanne, hospitaalbestuur en personeel om toe te sien dat die dele van die hospitaal wat herstrukturering of vervanging benodig het, deeglik ontwerp is en die werk uitgevoer is; kennis neem dat me Whithair se onwrikbare verbintenis tot die hospitaal, selfs in haar latere jare, 'n voorbeeld is van haar blywende toewyding tot en haar diepgaande band met hierdie instelling; kennis neem dat sy, soos die hospitaal self, 'n simbool van krag, veerkragtigheid en kontinuïteit was; en haar merkwaardige diens vereer en haar verlies betreur, met erkenning aan die blywende impak wat sy gehad het op ons gesondheidsorgstelsel en op almal wat die voorreg gehad het om met haar saam te werk.

Goedgekeur.

30. Mnr N Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met hartseer kennis neem van die dood van die Stad Kaapstad se raadsheer Bonita Jacobs; kennis neem dat me Jacobs 'n toegewyde staatsamptenaar en gemeenskapsaktivis was wat altyd geveg het vir die mense wat sy verteenwoordig het; kennis neem dat sy baie gemis sal word en dat haar afwesigheid veral in die Stad se raadsaal gevoel sal word; en haar vriende en familie sterkte toewens in hierdie moeilike tyd.

Goedgekeur.

- 31 Die Huis verdaag om 16:45.

ROMEO ADAMS  
Sekretaris van die Provinsiale Parlement